

## **Sing vooraf staande: Psalm 68:9 (p. 334)**

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm Psalm 89:1, 3 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

## **Geloofsbelydenis Apostolicum**

*Na die wet antwoord ons met: Psalm 103:1, 3*

**Wet**

## **Psalm 103:1, 3 (p. 504)**

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,  
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,  
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

**Gebed**

## **Psalm 31:1, 17 (p. 143)**

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.  
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.  
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

**Skriflesing:** Jeremia 1; Lukas 2; Prediker 12

**Teks:** Jeremia 1:11

**Wat sien jy Jeremia? En ek antwoord: Ek sien 'n amandeltak.**  
(Jeremia 1:11 AFR53)

Jesus Christus is gebore om aan ons die ewige opstanding uit die dood en die ewige  
volmaakte herskepping en die ewige lewe te gee – verniet! Kyk na Hom wat die lewe gee  
– selfs wanneer alles om ons na die dood lyk!

Die amandelboom groei wild in die hele Klein-Asië, Sirië en Mesopotamië. In die  
omgewing van die berg Sinaï het daar baie van dié bome in die woestyn voorgekom.

- Dit is die eerste vrugteboom wat in die lente in Palestina bloei. Die amandelboom blom en bot in Palestina in Januarie. In die vroeë voorjaar is die amandelboom oortrek met groot hangende sneeuwit blomme.
- Onder moeilike omstandighede het die boom steeds sy vrugte gegee – die vrugte was 'n baie kosbare handelsartikel.
- *Daarom word die boom gebruik as die simbool van mense se gehoorsaamheid en Godsvrug.*
- *Die boom is in die Ou Testament ook die simbool van God se trou.*

Wat ook belangrik is, is dat ons wat Afrikaans praat, gaan kyk na die betekenis van die name vir die amandelboom in Hebreeus, want as ons dit doen, kom ons agter dat net die noem van die naam *amandelboom* in Hebreeus 'n baie groot simboliese waarde in die Jode se geloofswordeskat gehad het.

- Die eerste naam vir die boom beteken: **om wakker te wees**.
  - Die Hebreeuse naam beteken dat dit die eerste boom is wat uit die winterslaap wakker word.  
*Die betekenis van die amandelboom in Jeremia se gesig is dat die Here altyd wakker is oor sy uitverkorenes – ook wanneer hulle dood lê in hulle sondes, soos wat die velde in die winterdood rondom die bloeiende amandelboom lê.*
  - *Die boom is dus die simbool van ontwakende lewe: Uiteindelik simboliseer dit die opstanding uit die dood onder die kragtige hand van die Here.*
- Die tweede naam vir die boom is **loez** wat die oorspronklike naam vir die dorp Bet-El was: **Huis van God**.

Die Here laat Jeremia twee beelde sien.

- Die een is van die amandelboom.
- Die ander een 'n kokende pot.

Die Here gebruik die amandelboom as leermiddel van genade – daar het juis voor Jeremia se huis 'n amandelboom gestaan.

- Omdat die amandelboom eerste blom en bot, is dit die simbool van trou – die Here is wakker oor sy uitverkorenes, en Hy voer sy Woord uit.
- Die beeld het dus die troos daarin dat God nie sy uitverkorenes laat verlore gaan nie, want Hy is in sy heerlijkheid oor hulle en by hulle.

Die Here gebruik al vroeg in sy openbaring die beeld van amandelblomme.

- Toe Moses die opdrag gekry het om die groot kandelaar met die sewe staanders te maak, het die Here al vir hom gesê dat hy amandelblomme en -knoppe moet maak wat teen die arms van die kandelaar geheg moet word.  
Ons lees dit in Eksodus 25:33, 34 en 37:19, 20.
- Toe die twispunt ontstaan het oor wie die werklike hoëpriester van die Here is, het die Here Aäron se staf (wat van amandelhout was) oornag laat blom. Hierin het die Here die voortgang van sy verbond en van sy roeping oor mense geopenbaar.
- In Prediker 12:5 word die beeld van die amandelboom wat blom gebruik as 'n teëstelling met die rouklaers op die straat as die mens doodgaan. Die dood word uiteindelik vervang met die ewige lewe, want uit die winter se dood bloei ons in die ewige lewe in:

**Ook sal hy bang wees vir 'n hoogte, en verskriklike dinge sal op die pad wees! En die amandelboom sal in bloei staan, en die sprinkaan sal homself met moeite voortsleep, en die kapperkruid nutteloos wees; want die mens gaan na sy ewige huis, en die rouklaers sal op die straat rondgaan.**

(Prediker 12:5 AFR53)

Die amandelboom wat daar in blom staan, is die teken van die ewige heerlijkheid van God wat die mens in wag by sy dood.

Die tweede beeld wat Jeremia sien, is die kokende pot.

- Dit karakteriseer die inhoud van die woord van God wat deur Jeremia gepreek moet word.
- God se oordeel en genade is dus aan mekaar verbind!

In die gedeelte wat ons saam gelees het, word die beeld dadelik losgelaat, en die werklikheid tree in. Dit word in kontrasterende dinge beskryf:

- Daar gaan onheil losbreek oor al die inwoners van die land (v. 14-16). Maar die Here is nie ongenadig en wreed omdat Hy nou maar net lostrek en straf nie.
- Vers 16 gee die motivering waarom die ellendes gaan kom.
  - Die volk van die Here se geloof het ondergegaan. Hulle het nie meer geglo nie.
  - Dit was ook nie net 'n kwessie dat hulle nie geglo het nie; hulle het afgode aanbid, met ander woorde die Here weggestoot vir iets anders wat hulle in sy plek geplaas het. Dis waarom die Here hulle so straf.

Wat is die verband tussen die amandelboom en die kokende pot?

- Die verband is dat die Here nog steeds genadig is oor hierdie sondige volk. Hy gaan hulle straf, maar selfs in die straf staan sy genade voorop.
- Hy stuur selfs vir Jeremia om teen al hulle haat en ongeduldigheid vir hulle te gaan preek – só groot is God se genade.

Dit is presies die Christusprediking:

- Die dood van die winter lê om Jeremia. Die ellendes van die wêreld lê oop om ons. Maar in die donkerte van die nag breek die hemele oop en in helderste lig sing die engele ons verlossing uit! Die amandelboom se blomme het oopgegaan – die beeld het werklikheid geword! Die Verlosser is gebore vir die mense in wie God 'n welbehag het.
- Die reddende genade wat die uitverkorenes – reeds in die oordeel wat oor hulle voltrek is – ervaar het, het al heengewys na Jesus Christus toe wat ons met God sou versoen.
- Die amandeltak is die teken dat God wakker is oor ons – so wakker dat Hyself verlossing voorsien. So wakker dat Hy sy Seun stuur om ons sondestraf te dra.

***Daarom Kom die Here Jesus na ons wêreld toe.***

- ***Daarom word Hy gebore vir stukkende mense wat gesimboliseer word deur 'n onverstandige en wrede Herodes en deur arm skaapwagters en deur mense wat 'n verwagting van 'n ewige koning in hulle rondra, soos die wyses uit die Ooste.***
- ***Ook vir mense wat in Jeremia se tyd gestraf moes word terug in die geloof in.***

Jesus bly ook nie in die doderyk nie. Hy staan op uit die dood, soos die amandeltak wat swaar en sneeuwit bloei terwyl die res van die veld nog dood lê in die winterkoue.

- Wat belangrik is, is dat Hy tussen ons gebore word, sodat Hy later vir ons kan sterf.
- Daarmee maak Hy dat ons deur sy kruisdood deel kry in hierdie ewige lewe wat Hy van ewigheid af in Homself het.
- Die ewige lewe in die koninkryk van God is oorspoel van die Drie-Enige God se heerlijkheid soos wat die amandeltak oorspoel is met 'n oorvloed van blomme.

Wat is die eskatologiese moment (verwysing na die toekoms) waarvan hier sprake is?

- Die toekoms van hierdie teks is dat die stryd oor die gelowiges gaan toeneem.
- Die wêreld gaan – soos die tyd aanstap – al hoe bleker in sy winterellendes om ons lê.
- Maar daarmee saam sal die bottyd van die Amandelblom sterker uitgespeel word teen hierdie troostelose agtergrond wanneer die Here Jesus met sy wederkoms in die volle helderheid van sy heerlijkheid oor ons oopbreek.
- Die Here leer hierdie ding op baie plekke in die Bybel.

Maar ons moet ons nie self gaan verstik in ons bewustheid van alles wat sleg is en altyd verkeerd gaan nie.

- Ons moet ons verheug in die heerlijkheid van die Amandeltak wat juis – as die dinge op hulle ergste is – sy volle heerlijkheid oor ons laat blom en ons opneem in hierdie heerlijkheid.
- Die Here Jesus het sy reddende genade reeds oor ons laat skyn in sy geboorte. Daardie nag het die engele gesing dat die geboorte van die Kindjie wat in 'n krip lê, tot die redding was van ons in wie God 'n welbehag het. Jesus Christus red ons.

### **Vir wie word die Here Jesus gebore?**

Vir ons.

- Vir mense wat lelike dinge doen, en soms in hulle geloof heeltemal die spoor verloor.
- Vir mense wie se insig en begeertes baie keer meer tot hulle ondergang lei as wat dit dien om hulle sterker te maak in hulle aanbidding.
- Mense wat in die meeste van hulle aanbidding en geloofsake maar sterk onbekwaam is.

Kyk na Jeremia. In Jeremia 1 word die roeping van die profeet beskryf.

- Ons lees dat hy 'n Benjaminit is uit die ryk van Juda.
- Sy pa, Hilkia, is een van die priesters wat by Anatot was.

Ons eerste gedagte sou wees dat Jeremia seker as profeet geroep was omdat sy agtergrond reg is, want as sy pa 'n priester was, sou hy seker iets van preekwerk verstaan en geweet het.

- Hy was seker iemand wat alles van die sonde en van regverdigheid af geweet het, en wat presies geweet het hoe om sulke dinge te hanteer. So sou ons redeneer.
- *Maar tog is juis dit nie waar nie. Een saak staan baie sterk uit, en dit is dat Jeremia nie geroep word as gevolg van die gawes wat hy besit, of as gevolg van sy agtergrond nie.*

Die dag toe die Here Jeremia geroep het, was die eerste ding wat die Here gedoen het, dat Hy vir Jeremia presies vertel het waar Jeremia in sy raadsplan behoort.

- Die Here het vir hom vertel dat Hy Jeremia al geken het lank voordat die Here hom in sy moeder se liggaam gemaak het.
- Dit is al die eerste ding wat elke mens moet onthou: die Here skep jou om te bestaan – jy kom nie tot stand as gevolg van die wil van twee mense nie.

Die Here sê verder dat hy Jeremia al geheilig het voordat hy selfs gebore was.

- Die feit is dat Jeremia tydens die proses waarmee hy geskape is, begenadig word met gawes om sy roeping te kan uitvoer.

Die koms van die Here Jesus in ons wêreld in het 'n bepaalde uitwerking op die wat Hom as hulle Verlosser aanvaar: Geloof in Hom maak ons lewensbekwaam! Dis die effek van sy koms, opstanding en die uitstorting van sy Gees in ons!

- Die Here maak jou 'n ysterpilaar (in die woorde van ons teks). Jy kan swaar gewig dra, en jy sal nie breek nie.
- Jy sal teen enige stormloop kan bly staan, want die Here maak jou geloof dat jy nie is soos 'n klipmuur wat met 'n stormram stukkend gestamp of omgegooi kan word nie.
- Jy is 'n bronsmuur – 'n soliede stuk metaal wat teen daardie tipe aanslag ondeurdringbaar is.
- Elke keer is die Here se woorde soos 'n refrein in ons ore. Die Amandeltak blom om ons te red!

Hier is twee sake wat baie sterk uitstaan:

- Die eerste is dat die Here ons letterlik maak om te kan doen wat Hy later in ons lewens van ons vra.
- Die tweede is dat Hy deurentyd by ons bly, en dat Hy ons voortdurend bystaan met sy reddende genade.
- Uiteindelik word die genade van God 'n werklikheid in die verlossing wanneer ons deur Jesus Christus se genade voor God se oordeelstroom vrygespreek word.
- Die volmaakte vervulling kom sekerlik eers wanneer Jesus Christus op die wolke kom.

Wanneer die Here in goddelike wit op die horison verskyn, en elkeen van ons ons vrugte lewer in die lig van sy genade.

**Amen.**

Slotgebed

Slotsang: Psalm 118:2 (p. 575)

- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!  
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!  
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: Kersdag 2004  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 9 Desember 2012